kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Tussen wilde diere en engele . . .

Skriflesing: Markus 1:9-13

Broodjies vir die pad

"Life is complex.
Each one of us must make his own path through life. There are no self-help manuals, no formulas, no easy answers. The right road for one is the wrong road for another...The journey of life is not paved in blacktop; it is not brightly lit, and it has no road signs. It is a rocky path through the wilderness. "
— Scott Peck

"Any father…must finally give his child up to the wilderness and trust to the providence of God. It seems almost a cruelty for one generation to beget another when parents can secure so little for their children, so little safety, even in the best circumstances. Great faith is required to give the child up, trusting God to honor the parents' love for him by assuring that there will indeed be angels in that wilderness."
— Marilynne Robinson

"Christian discipleship is a decision to walk in his ways, steadily and firmly, and then finding that the way integrates all our interests, passions, and gifts, our human needs and eternal aspirations. It is the way of life we were created for."
— Eugene Peterson

"We do not receive wisdom, we must discover it for ourselves, after a journey through the wilderness which no one else can make for us, which no one can spare us, for our wisdom is the point of view from which we come at last to regard the world. The lives that you admire, the attitudes that seem noble to you, have not been shaped by a paterfamilias or a schoolmaster, they have sprung from very different beginnings, having been influenced by evil or commonplace that prevailed round them. They represent a struggle and a victory."
— Marcel Proust

"To be commanded to love God at all, let alone in the wilderness, is like being commanded to be well when we are sick, to sing for joy when we are dying of thirst, to run when our legs are broken. But this is the first and great commandment nonetheless. Even in the wilderness - especially in the wilderness - you shall love him."
— Frederick Buechner, A Room Called Remember: Uncollected Pieces

"Like a wild animal, the soul is tough, resilient, resourceful, savvy, and self-sufficient: it knows how to survive in hard places. I learned about these qualities during my bouts with depression. In that deadly darkness, the faculties I had always depended on collapsed. My intellect was useless; my emotions were dead; my will was impotent; my ego was shattered. But from time to time, deep in the thickets of my inner wilderness, I could sense the presence of something that knew how to stay alive even when the rest of me wanted to die. That something was my tough and tenacious soul."
— Parker J. Palmer, A Hidden Wholeness: The Journey Toward an Undivided Life

"History is the witness that testifies to the passing of time; it illumines reality, vitalizes memory, provides guidance in daily life and brings us tidings of antiquities."
— Cicero

"The worst temptation is instant gratification."
— Jon Luvelli

Onaangeraak

As ek vandag êrens in die Kgalagadi Park
tussen hartebeeste, wildebeeste en Afrika luiperds
kon gaan sit sommer net so platgat in die stof
sou ek my vergryp aan die wonders van ons land
ek sou vergeet van die Boland se berge
en my Vallei vol stomp, goue koringlande.

Ek dink ek sou eers sekretarisvoëls en valke bestudeer
ek sou verdrink in die habitatte en ekosisteme
en al die goed wat geld nie kan koop
ek sou vergeet van die gat in my hart
die letsels op my siel en my onvoltooide spore.

Ek sou aan niks wou vat nie
ook nie 'n binne-begeerte hê om iets na te laat nie
ek sou eerder alles net so los
myself ook net so wou los
saam met my spoke en skadu's onder 'n boom sit
en stil-stil asemhaal
tot alles om my verstof.

Caren Kearley

"Let yourself be silently drawn by the strange pull of what you really love. It will not lead you astray."
— Rumi

"We can decide to live in response to the abundance of God and not under the dictatorship of our own poor needs."
— Eugene H. Peterson, A Long Obedience in the Same Direction

"Each temptation leaves us better or worse; neutrality is impossible."
— Erwin W. Lutzer

"Paul was focusing on what was happening in him, not to him. Likewise, we can be sure that when something is happening to us, God is doing something in us--something that will shape us for eternity."
— Chris Hodges, Fresh Air: Trading Stale Spiritual Obligation for a Life-Altering, Energizing, Experience-It-Everyday Relationship with God

Waarom moet alles oor jou geslag gaan?

Christina Landman

Daar word Josjiro Mori, hoof van die Olimpiese Spele in Tokio, se stem toe stilgemaak. Hy moes bedank omdat hy te veel gesê het.

Hy het mos gesê vroue is irriterend, want hulle praat te veel. Ek wonder toe of dit by ons ook sou gebeur. Dat iemand sy hoë pos sou verloor omdat hy erken dat vroue hom irriteer.

Twee dinge het hierdie week gebeur wat my laat wonder het of al die gender-praatjies van die hoë gestoeltes ooit die voetsoolvlak bereik.

Die eerste is toe ek iets vir my huis wil koop en 'n brosjure bestel. Ek word vinnig gebel en aangesê dat iemand 'n demonstrasie sal kom doen. Kort daarna lui 'n wit meneer met 'n pak klere my klokkie. Hy loop deur die huis en vra wie woon almal daar. Ek wil nog antwoord, toe beduie hy vir my hy wil met my man praat.

"Company policy," sê die man. "Ons praat met die man, nie die vrou nie." Ek wil nog iets sê, toe vra hy geïrriteerd: "Waarheen ís jou man? Kry hom hierso."

Toe ek 'n woord inkry, sê ek dat ek met my eie geld koop. Sy hele houding verander.

Hy gee my 'n behoorlike lyflike demonstrasie van sy produk. En 'n kwotasie van duisende wat hy in my oor fluister as 'n spesiale winskoop.

"Teken net hier en daar, Mevroutjie, en dis joune teen hierdie prys, net vir jou."

Die volgende dag bel sy maatskappy om te hoor of ek gereed is om te teken.

Ek vra die man wat bel of dit inderdaad "company policy" is om net met die man en nie met die vrou te praat nie. Hy sê ek moet net aanhou, hy sal gou vir my uitvind. Ek sit toe maar die foon neer, want ek het toe al die produk elders vir 'n derde van die prys gekry.

'n Tweede saak verbaas my hierdie week. 'n Vrou vertel my haar man wil hom nie laat inent teen Covid-19 nie omdat dit van "vroue-goed" gemaak is. Fetusse en sulke goed. Hy het haar ook verbied om hul seuns te laat inent, want mans kan nie toelaat dat hulle vroue-goed in hul bloedstroom inkry nie.

Dis dié dat ons vroue van die Afrika-vleuel van die World Communion of Reformed Churches (ACRC) dié week 'n boodskap aan die WCRC stuur. Die WCRC is 'n ekumeniese liggaam wat omtrent 80 miljoen Christene wêreldwyd verteenwoordig.

Hulle het ons gevra om ons mening te lug oor vroue in die kerk. Ons vra dat kerke hierdie een ding vir vroue sal doen: Maak gender net minder belangrik in die kerk. Help ons om 'n kontra-kultuur in die kerk en samelewing op te bou waar dit verkieslik glad nie 'n rol speel wat jou geslag is nie.

Steeds is gender die belangrikste ding waarmee die kerk jou klassifiseer. Die bedienings in die kerk is verdeel. As jy 'n dominee is, word jou vertoning as 'n man of 'n vrou beoordeel.

Ons vra nie dat vroue meer, en mans minder, in die kerk word nie. Ons vra net: Moenie dat alles in die kerk en samelewing oor geslag gaan nie. Wat ons vra is dat elkeen net méns kan wees na die beste van jou vermoë.

** Landman is 'n professor in teologie aan Unisa.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/waarom-moet-alles-oor-jou-geslag-gaan-20210216

Brood vir die pad

Vleeswording kan ook gesien word as heling vir leed

RRV

In T.S. Eliot se "The Dry Salvages" – die derde gedig van sy *Four Quartets*-siklus – lees ons: " . . . These are only hints and guesses, / Hints followed by guesses; and the rest / Is Prayer, observance, discipline, thought and action. / The hint half guessed, the gift half understood is Incarnation."

Hierdie enigmatiese verwysing na inkarnasie as 'n (nie ten volle begrepe) wenk en gawe, eggo die belewenis en belydenis wat tot die hart van die Christelike geloof behoort, naamlik dat God in Christus vlees geword het.

Die idee dat God waarlik mens en vlees geword het, is deur die eeue heen dikwels nie as goeie nuus verwelkom nie, maar met teenstand begroet. Want vlees verword en stink, vlees is weerloos en verwondbaar, vlees is verganklik en sterflik. Kortweg, vlees is leed.

Daarom die sterk versoeking om te glo dat God in Christus slegs die skyn van menslikheid en liggaamlikheid aangeneem het. Of 'n soort super-menslikheid of ongeskonde liggaamlikheid. Maar die gedagte dat die Woord vléés geword het (Johannes 1:14) dui op 'n andersoortige geestelike en morele ingesteldheid.

In sy boek Against Ethics (1993) maak die Rooms-Katolieke filosoof John D. Caputo die opmerking dat Westerse filosofie die liggaam meestal sien as "an active, athletic, healthy, white male body, sexually able and unambiguously gendered, well-born, well-bred, and well-buried".

Waarvoor Caputo aandag vra is liggame wat misvorm, siek en geskaad is; liggame wat met die term "vlees" benoem kan word. Die vlees van hierdie liggame is nie die oog wat kan sien nie, maar die oog uitgehol deur honger of besering; nie die oor wat kan hoor nie, maar die oor in pyn; nie die tong wat kan proe nie, maar die tong wat deur die martelaar uitgesny is. Caputo skryf as hy 'n beeldhouwerk kon kies wat só 'n verstaan van vlees kan vergestalt sal dit nie Michelangelo se Dawid-beeld in Florence wees nie, maar sy piëta in die Sint Petruskerk in Rome, waar, soos Caputo dit stel, "Michelangelo makes the stone sigh with sorrow".

Die gedagte van die inkarnasie omvat die verstaan van vlees waarop Caputo dui. Daarom beteken die klem op God wat volkome vlees en materie geword het dat geen aspek van ons menswees en van die skepping aan God vreemd is nie. Gregorius van Nazianzus, 'n teoloog uit die vierde eeu, is bekend vir sy stelling "what is not assumed, is not redeemed". Hiermee wou hy juis troosvol uitdrukking daaraan gee dat, omdat God volledig mens geword het sóós ons, hy ook vlees geword het vír ons.

Vir ons en ons heling.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-vleeswording-kan-ook-gesien-word-as-heling-vir-leed-20210213

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877